

Goeiemiddag kollegas

Die afgelope week was 'n deurmekaar turbulente week, maar Prediker sê tereg daar is niks nuuts onder die son nie, ook nie dit wat ons nou beleef nie.

In Johannes lees ons van Jesus Christus wat die dissipels onderrig van die Trooster en die wederkoms en in Johannes 16 sluit Hy af met die volgende woorde:

*“Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.”*

Mag hierdie woorde ook aan ons die goeie moed gee wat ons nodig het om te kan skipper deur al die onsekerhede en oormaat inligting, sodat ons steeds kan bly fokus op ons kernbesigheid naamlik om die kinders aan ons toevertrou in die weë van die Here te onderrig.

Met hierdie skrywe kan ek ongelukkig ook nie al die antwoorde gee nie, doodgewoon omdat daar so baie is waaroor ek ook onseker is. Na aanleiding van vandag se ISSF vergadering gaan ek wel enkele belangrike aspekte uitlig en algemene vrae wat gevra word probeer beantwoord.

### **Omstandighede**

Meeste van ons as skoolhoofde maar ook onderwysers werk nou onder baie hoë druk en moet die healtyd nuwe planne beraam teen 'n vinnige tempo.

In hierdie nuwe omstandighede is dit belangrik dat ons mooi moet kyk wat ons onderrig. Is dit die kinders of is dit die kurrikulum? Die gevaar met aanlynonderrig is dat die kurrikulum die pasaangeëer en die kind die klein robot wat moet absorbeer word. Die gevaar lê daarin dat ons nie die emosionele welstand van die kinders kan meet nie, want ons kan hulle nie fisies sien nie.

Die kinders moet daarom nou ervaar dat omgee-onderwysers met hulle bemoeienis maak as die inhoud onderrig word. Ons as kollegas moet ook onderling in ons skole moeite doen om bemoeienis met mekaar te maak en versigtig wees om nie te taakgefokus te raak nie.

### **Faktore van buite**

#### **Inligting:**

Ons kry ongelooflik baie inligting, dit lyk komplete asof die verskillende unies en ander onderwysinstansies in kompetisie met mekaar is oor wie die vinnigste verklarings kan uitreik. Ek het bv na een van die voorleggings binne 30 sekondes al inligting via WhatsApp ontvang. Soms is dit oorweldigend en te veel om te kan verwerk. Tog bly dit belangrik om “koelkop” te bly en die sake nugter te beskou met die fokus op wat julle skool se kernbesigheid is. Heelwat van die inligting wat julle ontvang is van toepassing op publieke skole, sif daardeur en pas toe wat toegepas moet word.

## **Aanvullende dokumente:**

Gereformeerde Skool Dirk Postma sowel as Akademie Reformia het 'n konsepbeplanning opgetrek, ek het toestemming om dit met julle te deel. SOS het ook HS Centurion se beplanning gedeel, dit kan ook help.

## **Dokumente na aanleiding van die vergadering:**

Ons het vandag heelwat dokumente gekry, ek deel dit ook met julle.

Vind ook hierby aangeheg 'n powerpoint. Die volgende skyfies is belangrik:

- 12: Voorgestelde datums
- 21 en 22: Beplanning en voorbereiding
- 27: Kyk asb na hierdie tabel en trek vir julle skool so 'n inligtingsblad op. Dit kan julle ook help om vir die departement die nodige inligting te gee wat oorsigtelik is vir hulle

Die volgende sake is vandag bespreek:

### **1. COVID COMMAND CENTRE: (CCC)**

Alle departemente moet aan die CCC rapporteer, ook Departement van Onderwys (DBO). Die regulasies word dus gesentraliseer en indien onafhanklike skole ander planne het as bv die DBO moet dit voldoen aan wat CCC vereis. Hoe dit presies werk kan ek ongelukkig nie vir julle sê nie.

### **2. Maskers en ontsmettingsmiddels**

Geen skool mag heropen as dit nie in plek is nie. Skole kan aansoek doen by hul distrikte om van maskers voorsien te word, ook onafhanklike skole. Indien die skool heropen en daar is nie maskers nie, dan gaan hul moet bewys dat hul wel aansoek gedoen het en dit is nie gelewer nie. Vind ook hierby 'n dokument met die bepalinge vir die maskers.

### **3. Prestasie**

Die MEC van Gauteng verwag steeds dat Gauteng se matriek slaagsyfer 90% moet wees. Die sg "*underperforming schools*" is almal skole wie se slaagsyfer onder 90% is. Geen verder kommentaar van my kant nie

### **4. Heropening van ons skole:**

Die minister het gister inderdaad 'n opmerking gemaak dat onafhanklike skole die heropening anders kan infasseer solank hulle aan al die voorskrifte voldoen. Hierdie opmerking is breedvoerig bespreek, maar daar is steeds onsekerheid. Deel van die onsekerheid spruit ook uit die feit dat daar onafhanklike skole is wat net drie termyne het en dat die voorgestelde datums nie vir hulle gaan werk nie. Die gevolgtrekking was die volgende:

- Daar moet 'n deeglike plan en proses wees
- Maak seker wat elke provinsie se voorskrifte is

- Die plan moet na die DBO gekommunikeer word (nie 'n reël nie, my advies is om nie onnodig te kommunikeer nie)
- Bewys moet gelewer word dat die skool volgens voorskrifte ontsmet word
- Bewys moet gelewer word dat die spasiëring in die klaskamers en terrein voldoende is
- Bewys moet gelewer word dat alle ander voorskrifte gevolg word.
- Indien die infassering anders verloop as wat die departement voorstel moet die skool se eie proses aan die onderwysers, ouers en alle betrokkenese gekommunikeer word en hul goedkeuring wegdra
- Heropen van kleuterskole is nog glad nie ter sprake nie, ons gaan volgende week met die betrokke departemente daaroor vergader.
- Indien die skool in die midde van 'n episentrum is kan dit wees dat die hele streek of omgewing weer na vlak 5 beweeg.

Die laaste opmerking hieroor was dat niks hieroor vir onafhanklike skole nog voorskriftelik is nie

### **5. Tuiskool Skyfie (25 en 26 van powerpoint)**

Baie moeilik om gr 10 – 12 in die ware sin van die woord te laat tuisskool, maar as daar kinders is wat bv siek word of outo-immuun siektes het is dit beter dat hul tuis bly. Die departement se regulasies hieroor, spesifiek vir gr 10 en 11 gaan dan effens verslap. Tuisskool mag steeds net in die kind se eie gesin met sy eie ouers plaasvind en die departement moet dan verwittig word.

### **6. Subsidie**

Soos altyd 'n tammeletjie. Die volgende inligting is gedeel:

234 skole het aansoek gedoen

- 110 gaan subsidie ontvang
- 96 moet weer geoudit word
- 24 is afgewys
- 4 word forensies ondersoek

Subsidies word eerskomende Woensdag gelaai en sal DV Vrydag 8 Mei in die skole se bankrekening wees.

Die departement was onseker of die bedrae ooreenstem met die sg "*indicatives*"

### **7. IEB of NSS (nie deel van vandag se vergadering nie)**

Vanaf die ICO skole wat ook hoërskole het word daar gereeld vrae gevra oor watter eksamen om te skryf.

Ek deel graag 'n paar feite oor IEB, die saak kan beslis verder ondersoek word:

- Indien 'n skool op IEB besluit is dit 'n proses wat vanaf gr 10 ingefasseer moet word.
- Dit kos R6000 vir elke matrikulant om die eksamen te skryf
- Die vraestelle is van 'n hoë en goeie standaard

- Leerders word toegelaat om bv van sekere inhoud te verskil, maar hul moet dit kan motiveer. As daar bv 'n vraag oor evolusie is kan die leerder sy Christelike standpunt gee en motiveer en die leerder ontvang die volle punte
- Die nasieners moet in die spesifieke vak wat hulle merk vir matrikulante skoolhou
- Nasieners hou memobesprekings en pas die memo aan as hul bv sien daar is 'n sekere tendens hoe 'n vraag beantwoord is, hulle neem dit dus in ag, terwyl die memo by die NSS nie bevraagteken word nie. (ons het dit by die fiasko met die besigheidstudies van 2 jaar terug gesien)
- Vraestelle word baie deeglik gemerk, dit gebeur bitter min as vraestelle gehermerk word dat punte verskil
- Opwaartse en afwaartse aanpassings gebeur net as daar werklik bewys kan word dat die vraestel die probleem was.
- Voorgeskrewe werke is steeds kontroversieel, maar leerders mag hulle Christelike standpunt lewer en hulle mag nie punte daarvoor verloor nie. As die motivering weldeurdag en goed begrond gelewer word ontvang die leerder punte.

## **Afsluit**

Heelwat inligting en baie werk wat vir elkeen voorlê.

Paul Colditz het by 'n webinaar gesê die enigste waarvan ons in hierdie tyd seker is, is dat ons almal onseker is. In 'n mate is dit so, ons het geen aardse sekerheid nie. Soms lyk dit of ons bepaalde sekerhede het, maar dan kom 'n pieplein virus en krap alles om.

Ons as gelowiges moet mekaar egter altyd bemoedig met die enigste sekerheid wat ons in Christus het. In Hom is ons geanker ook as die golwe van die aardse ontstuiinghede ons wil oorweldig.

Vriendelike groete

Saskia Meijer